**Omgeepapier 18 - 24 Jun 2023**

**Tema: God seën ons, Sy kinders; en ons seën ander.**

**Gen 12:1-3. God roep Abraham / ons, seën hom / ons en belowe ons sal 'n seën vir ander wees.**
**Num 6:22-27. Die Priesterlike seën. God lê Sy Naam op sy kinders / merk Sy kinders.**
**Mark 10:13-16 Jesus seën die kindertjies / sê ons moet seën, nie vervloek / verhinder nie!**

1. **Vraag: Dink diep - Hoe het die Here jou al in jou lewe / in verskeie situasies geseën / hoe seën Hy jou nou?**

2. **Lees stukkies van Gen 49 (Jakob se seën-wense vir die stamme van Israel, sy nageslag). Vraag: Wérk 'n kind van die Here se seën-woorde, wat ons oor ons vriende, familie of vreemdelinge uitspreek?**

3. **Antwoord: Numeri 6:22-26 se seën vir jou om te gebruik (vry vertaal uit 2006 en 2020 vertalings):**
   **Die Here sal jou seën en beskerm; die Here sal by jou wees (Immanuel) en jou Sy liefde gee; Die Here sal jou goedgesind wees en jou vrede en voorspoed gee.**
   **(Num 6:27: "So mag julle die Here se Naam op die Israeliete (jou mense) lê en dan sal die Here hulle seën")**

4. **Vraag: Behalwe met woorde, hoe anders kan ons ander mense seën?**

5. **Gebedsversoeke.**